

Lêerno.: 27/R
Verwysing: 20240308-2304

Omsendbrief: 0009/2024
Vervaldatum: 31 Desember 2024

Aan: Direkteure (distrikskantore), Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Kort opsomming: *Skoolbywoning deur graad 4- tot 12-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde interne eksamen- en assesseringstydperke in Junie en November 2024*

Onderwerp: Skoolbywoning deur graad 4- tot 12-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde interne eksamen- en assesseringstydperke in Junie en November 2024

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is daartoe verbind om maksimum onderrig- en leertyd te verseker. Met die fokus op die herstel van leerverliese, bly die primêre onderrigdoel om leerders in alle grade aan soveel leergeleenthede moontlik bloot te stel sodat hulle voldoende voorbereid is om na die volgende graad te vorder.
2. Alle personeel by skole en distrikskantore moet kennis neem van die volgende:
 - 2.1 Dit is elke skool se verantwoordelikheid om hul skoolprogram, vir die tydperk tydens en na afloop van die eksamen en assesserings in Junie en November, tot en met die laaste dag van die skoolkwartaal te beplan.
 - 2.2 Skoolbywoning is tydens die skoolgebaseerde eksamen en assesseringstydperk verpligtend vir alle leerders, met die uitsondering van graad 12-leerders wat op vyf studieverlofdae voor die aanvang van 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geregtig is.

- 2.3 Leerders mag tydens en na afloop van die assesseringstydperk nie voor 13:00 verdaag nie. Dit is belangrik dat ouers en leerdervervoerskemas voor die tyd van hierdie skooltye ingelig is sodat hulle die nodige alternatiewe reëlings en vervoerreëlings kan tref.
- 2.4 Daar word van alle opvoeders verwag om tydens die assesseringstydperke vir die volle duur van die skooldag (35 uur per week) by die skool te wees, ongeag of hulle toesighoudende pligte het of nie.
- 2.5 Skole wat graad 10, 11 en 12 aanbied (waar van toepassing), word daaraan herinner dat geen eksamen voor **Maandag, 20 Mei 2024** en **Maandag, 11 November 2024** mag begin nie. Skole kan egter by die distriksdirekteur aansoek doen vir toestemming om sekere vakke met praktiese eksamens vroeër te begin.
- 2.6 Skole wat graad 7 tot 9 aanbied, mag nie voor **Maandag, 27 Mei 2024** met hul kontroletoetse, en voor **Maandag, 18 November 2024** met hul finale eksamen begin nie.
- 2.7 Skole wat graad 4 tot 6 aanbied, mag nie voor **Dinsdag, 28 Mei 2024** met hul kontroletoetse, en voor **Woensdag, 20 November 2024** met assessering in November begin nie.
- 2.8 Aan die einde van die skooljaar mag geen interne eksamen/assessering voor **Vrydag, 29 November 2024** eindig nie, tensy vooraf goedkeuring deur die distriksdirekteur verkry is.
3. Skole moet toesien dat leerders tussen **02 en 11 Desember 2024** steeds skool bywoon en leerders moet met opvoedkundige aktiwiteite besig gehou word. Op die laaste dag van die skoolkwartaal moet leerders vir minstens drie uur en opvoeders vir minstens vyf uur by die skool wees.
4. Prinsipale word daaraan herinner dat hulle hul eksamenroosters minstens drie weke voor die aanvang van die eksamen/en of interne assessering vir goedkeuring by die kringbestuurder moet indien. Distriksamptenare sal die implementering van hierdie direkteiewe monitor.
5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-03-19